# KATEGESE MAAND
# 2025




## Tema: “Daarop het Hy hulle verstand daarvoor geopen om die Skrifte te verstaan” (Luk 24:45)

“Om ‘n spesifieke Sondag in die liturgiese jaar aan die woord van God te wy, kan die Kerk in staat stel om opnuut te ervaar hoe die Opgestane Here vir ons die skatkis van sy woord oopmaak en ons help om die onpeilbare dieptes daarvan aan die wêreld te verkondig.”
(Pous Franciskus, *Aperuit illis* 2)

## Inleiding

Op 30 September herdenk ons die heilige Hieronimus, wat die Bybel in Latyn vertaal het en bekend is vir sy uitspraak: "*onkunde omtrent die Skrif is onkunde omtrent Christus*". Daarop berus die instelling van die Sondag van die Woord van God.

In sy Motu Proprio *Aperuit illis,* fokus pous Franciskus ons aandag op die Woord van God in die woorde van die heilige Lukas; "*Daarop het Hy hulle verstand daarvoor geopen om die Skrifte te verstaan*" (vgl. 24:45). Jaarliks vier ons op die 3de Sondag van die Jaar die Sondag van die Woord van God, en wy ons so tyd daaraan om die Woord van God te vier, te bestudeer en te versprei. Hy benadruk die feit dat die verhouding tussen die Opgestane Here, die geloofsgemeenskap en die Heilige Skrifte, van absolute wesenlike belang is vir ons identiteit as Christene.

Vanjaar vier ons 'n Heilige Jaar en word ons uitgenooi om die logo van die Sondag van die Woord van God, om "pelgrims van hoop" te wees, ons eie te maak; met ander woorde om "op reis" te wees. Om in die geestelike sin "op reis" te wees; vanaf geboorte na die hemel, van ongeloof na geloof, om in die gees van sinodaliteit geestelike gesprekke met mekaar op pad te voer, om na mekaar te luister, en nog belangriker om na die Heilige Gees te luister wat met ons praat en ons harte verwarm. In 'n liggaamlike sin beteken "op reis wees" om die Woord te dra en dit aan 'n stukkende en gebroke wêreld deur te gee om dié wêreld met hoop te laat herleef.

Om iets te hê waarop ons kan fokus wys die ikoon ons die twee dissipels op pad na Emmaus. Die ikoon verbeel ons Opgestane Here wat by die twee dissipels op hul pelgrimsreis aansluit en hulle deur middel van die Heilige Skrif uit hul diepe teleurstelling na hoop toe lei. Jesus hou die opgerolde boekrol in sy linkerhand as simbool van die Heilige Skrif wat in Hom vervul word. Een van die dissipels, wie se naam genoem word, Kleopas, hou 'n stok vas, die simbool van 'n pelgrim. Die lig van die ster bo-oor Kleopas dui op Christus as die Lig van die Wêreld wat ons deur die Heilige Skrif lei soos ons met ons aardse pelgrimsreis begin. Dit dien ook as simbool van die Heilige Gees wat ons pad verlig en ons nuwe gedagtes en voornemens uit die Heilige Skrif gee. Die derde figuur is 'n vrou met die naam Maria, wat een hand ophou en lyk asof sy met die ander hand die Here aanraak; dit verwys na die geheimsinnige Skriftekste: "*Maria, moenie My langer vashou nie....Ek vaar op na my Vader, en julle Vader, en na my God en julle God...*" (Joh 20:17) "*Gaan sê vir my broers dat hulle na Galilea moet gaan – daar sal hulle My sien.*" (Matt 28:10)

In Suider-Afrika, begin die Kategese Maand met die Sondag van die Woord van God, soos ons, besiel deur die Heilige Skrif, opgeroep word om die genadegawe van die Doop in onsself en in ander tot 'n innige kommunie met Jesus te laat groei. Op die volgende vier Sondae, nooi ons alle gelowiges uit om oor die Kategese bediening na te dink, 'n bediening wat daarop berus om die "Woord te eggo", en ons met nuwe hoop vul soos ons hemelwaarts leef.

Kom ons begin met ons pelgrimsreis in hierdie Jubeljaar deur die Woord die middelpunt van alles in ons lewens te maak. Kom ons oorpeins hoe die Woord en ons uitlewing daarvan, want dit is wat Kategese eintlik is, ons lewens, families, parogie gemeenskappe en die hele samelewing kan verander.

## Pastorale Voorstelle

As antwoord op die dokument van die Vatikaan *Oor die Beter Sorg en Bevordering van Kategese Opvoeding*, wat deur die Kategese Kantoor van die Heilige Stoel onder pous Pius XI uitgereik is, word elke Parogie Gemeenskap aangemoedig om erkenning te gee aan die belangrikheid van die Kerk se leergesag, en om hulle wat die Christengemeenskap as kategete dien die eer te gee wat hulle toekom.

Die instelling van die Kategese Maand dui daarop hoe belangrik die leergesag of kategese bediening in die Kerk is – daardeur verkondig die Kerk en lê sy getrou die een geloofskat uit wat in die Heilige Skrif en die Tradisie bewaar word en deur onse Here Jesus Christus aan sy Kerk toevertrou is.

Deur hierdie Kategese Maand wys die Kerk vir die gelowiges dat kategese onderrig, waardeur die geloofskennis wat noodsaaklik is vir ons heil, een van die belangrikste pligte van die geloofsgemeenskap is.

In ons Konferensie gebied, net soos in ander oor die wêreld heen, word die Kategese Maand gewoonlik jaarliks vanaf die 3$^{de}$ Sondag, die Sondag van die Woord van God tot die 6$^{de}$ Sondag in die Gewone Tyd gevier. In dié spesiale tyd word parogies aangemoedig om te fokus op alles wat met kategese te doen het, asook die volgende:

- **Sondag van die Woord van God** (26 Januarie 2025)
    - 'n Spesiale diens waarby die Woord in die Parogie op 'n troon geplaas word, en families, Klein Christengemeenskappe/wyke en parogiegroepe aangemoedig word om dieselfde te doen,
    - Die kreatiewe betrokkenheid van kinders en jongmense by dié viering.
- **4$^{de}$ Sondag, Gewone Tyd Jaarkring C** (2 Februarie 2025)
    - aanbieding oor die belangrikheid van die Woordbediening,
    - werwing van Woordverkondigers/Lektors, en
    - 'n besinningsdag en die aanstel van Verkondigers/Lektors.
- **5$^{de}$ Sondag, Gewone Tyd Jaarkring C** (9 Februarie 2025)
    - aanbieding oor die belangrikheid van kategese en evangelisasie
    - aanbieding oor die rol van die ouers en Christengemeenskap by kategese,
    - werwing van kategete, en
    - besinningsdag vir kategete, kandidate, ouers en metgeselle/peetouers en vriende.
- **6$^{de}$ Sondag, Gewone Tyd Jaarkring C** (16 Februarie 2025)
    - aanstelling van nuwe kategete en die heraanstelling van kategete,
    - voorstelling van kategete, geloofsreise en kategese groepe aan die Christengemeenskap, en
    - die voorstelling van die kategete aan die ouers van die kinders in hul groepe.

Kategese Maand bied ons 'n kans aan om kategese te bevorder en ons waardering uit te druk vir diegene in ons parogies wat, met God se bystand, hulleself daartoe verbind het om die "saad van die geloof" wat by hul Doop deur die Heilige Gees in gelowiges geplant is te laat groei en ryp word.

# Kategese Maand van die Jubeljaar Oorpeinsing
# Sondag van die Woord van God, 26ste Januarie 2025

## Tema: Leer en Leef die Woord van God
## Skriflesings:
Neh 8:2-4a, 5-6, 8-10; *Hy het uit die boekrol gelees, uit die Wet van God, en hulle het geluister*.
1 Kor 12: 12-30; *Julle is die liggaam van Christus en elkeen individueel 'n ledemaat.*
Luk 1: 1-4; 4: 14-21 *Vandag is hierdie gedeelte uit die Skrif vervul.*

**Aanhaling uit die lewe:** *"In byna alles wat ons daaglikse lewe op aarde aanraak en wat ons genot gee, vind God ook genot, Hy is bly wanneer ons bly is. Hy wil dat ons vry soos voëls kan vlieg en ons maker se lof sonder enige angs kan besing*." (Aiden Wilson Tozer)

## Woord van God
Ons persoonlike antwoord op die Woord van God gaan oor geloof. Dit begin by die individu en groei uit om uiteindelik die hele gemeenskap te behels. Ons oorpeins God wat Abram roep (Gen 12:1-20), en dit word 'n simbool vir sy nageslag en die volk Israel. In essensie is hierdie geloof 'n pelgrimsreis, want Abram gaan op 'n reis van hoop om God se beloftes te ontdek. In die eerste Skriflesing word die hele volk in die Woord van God gekoester. Die Nuwe Testament berus op die grondslag/fondament van die Ou Testament.
Die tema van geloof en hoop word 'n realiteit in die lewens van hulle wat vir Jesus ontmoet het, omdat hulle begryp het dat Hy 'n groot profeet is wat onder ons opgestaan het (Luk 7:16). Hy is die lewende Woord van God, gesalf om sy sendingtaak te vervul.

## Lering van die Kerk
Die Kerk, soos elke familie, dra die hele skatkis van haar herinneringe oor aan haar kinders. Hoe gebeur dit dat niks in dié proses verlore gaan nie, maar dat alles in die geloofskat al hoe dieper begryp word? Dit is deur die Apostoliese Tradisie wat in die Kerk bewaar word met die bystand van die Heilige Gees dat ons 'n lewende kontak behou met die grondslag herinnering, wat deur die apostels deurgegee is – soos die Tweede Vatikaanse Konsilie dit stel - "*behels alles wat daartoe dien om die Godsvolk lewens van heiligheid te laat lei en hul geloof te verdiep. Op dié manier dra die Kerk, deur haar leerstellinge, lewe en erediens, dit wat die Kerk is en dit wat die Kerk glo aan elke generasie oor*" (Pous Franciskus, *Lumen Fide, 2013; 40).*

## Christelike Antwoord
- Oorpeins die bostaande Skriflesings; luister met jou hart.
- Oorpeins die tekste van dit wat die Kerk ons leer. Maak dit sin?
- Kom as gesin bymekaar (of doen dit individueel) om in die aand die Geloofsbelydenis van Nicea op 'n sinvolle wyse te bid.
- Onthou om tydens die Sondagmis die Geloofsbelydenis van Nicene hardop en hoorbaar te bid.
- Oorweeg die pastorale voorstel vir hierdie Sondag (26 Januarie 2025) as julle Parogie Aktiwiteit.

## ALGEMENE VOORBEDE (VOORBEELD)
## SMEEKBEDE

Selebrant: Noudat ons deur God se Woord verlig is, kom ons bring ons behoeftes voor die Skepper van Alle Waarheid:

Diaken/Lektor:
Vir die Kerk, dat ons antwoord mag gee op die woord van God wat onder ons verkondig word, ons bid tot die Here.

Vir almal wat luister na die Skrif wat verkondig word, dat God se woord vrugbare grond in hul lewens sal vind, ons bid tot die Here.
Vir hulle wat nog nie Christus se boodskap gehoor het nie, dat ons bereidwillig sal wees om die Blye Boodskap van verlossing aan hulle te bring, ons bid tot die Here.

Vir voorlesers en kategete, dat hulle met diep geloof en 'n stem vol vertroue God se heilswoord mag aankondig, ons bid tot die Here.

Vir die Kerk, geroepe om één met Christus te wees, dat sy die Evangelie na die hele wêreld sal bring, ons bid tot Here.

Vir wetgewers en regters, dat hulle hul inspirasie in die Heilige Skrif mag vind om regverdige wette te maak en beleide uit te voer wat op medelye gegrond is, ons bid tot die Here.

Vir priesters, diakens, lektors, kantors, en kategete en almal wat God se Woord aan ander bring, ons bid tot die Here.

Vir ons Katolieke skole, waar kinders deur die Woord van God gevorm en besiel word,
ons bid tot die Here.

Vir hulle wat siek is en vir hulle wat na die siekes en bejaardes omsien, ons bid tot die Here.

Vir hulle wat in Christus se vrede ontslaap het, dat hulle die bestemming van alle pelgrims in God se nabyheid mag vind, ons bid tot die Here.

Selebrant: God van ewige liefde en lig, U het Jesus as u vleesgeworde Woord aan ons gegee. Verhoor die ootmoedige gebede van hulle wat nog op die aardse pelgrimsreis is. Gee ons die genade en moed om die Evangelie deur ons lewens te verkondig. Deur Christus onse Here. Amen.

**Kategese Maand van die Jubeljaar Oorpeinsing**
**Sondag, 02de Februarie (Fees van die Voorstelling van die Here)**

# Tema: Lig van hoop vir die wêreld

## Skriflesings:

Mal 3:1- 4 *Die Heer na wie julle soek sal onverwags na sy tempel kom.*
Heb 2:14-18 *Hy is oor Abraham se nageslag besorg.*
Luk 2:22-40 *My oë het u verlossing gesien.*

**Aanhaling uit die lewe: "***Geloof is die krag waardeur 'n gebroke wêreld tot die lig sal kom*." *(Helen Keller)*

## Woord van God

Simeon en Anna vervul 'n betekenisvolle rol in vandag se fees, hulle is tekens van geloof en die vermoë om Jesus as die langverwagte Messias te herken. Albei is in 'n sekere sin simbole van die Kerk, wat die lig van Christus aan 'n duister wêreld weerkaats, en so 'n baken van hoop word. In haar moederlike rol vra die die Kerk al haar kinders om die lig en die hoop te omhels, veral hulle wat as gevolg van politieke stryd haweloos gelaat is en na 'n beter lewe smag.

In die profesie van Maleagi, vervul Johannes die Doper die profesie, ' *Kyk, Ek gaan my boodskapper stuur en hy sal 'n pad voor My gereedmaak'* (vs1). En dit is inderdaad so dat ná Johannes, die profesie wat deur Simeon geuiter word ook aan die lig kom. "*Jesus is die lig wat vir die nasies tot openbaring dien….'* (Luk 2:32), en die hoop vir die ewige lewe.

## Lering van die Kerk

Pous Benedictus XVI, het die uitdaging van elke gedoopte, wat op 'n pelgrimsreis van hoop na nuwe lewe in Christus is, opgesom in die twee vrae wat die priester tydens die dooprite stel: "*Wat verlang u van die Kerk*?" Antwoord: "*Geloof*". "*Wat gee geloof aan u*?" Antwoord: "*Die ewige lewe*" …. Hierdie is 'n daad van afwagting, 'n verlangende hoop na dit wat die Sakrament gee. "*Geloof gee inhoud aan hoop*.
Maar dan kom die vraag: is dit regtig wat ons verlang – om vir ewig te lewe?" Dit beteken dat ons deur ons geloof bo hierdie tydelike, dikwels pynlike lewe moet uitstyg om die geestelike gawe vas te gryp en dit as skat te koester (*Spes salvi*, 2007; 11).
"En die hoop beskaam nie" (Rom 5:5).

## Christelike Antwoord

- Oorpeins die bostaande Skriflesings, luister met jou hart.
- Oorpeins die gedeeltes oor dit wat die Kerk ons leer. Maak dit sin?
- Kom as gesin bymekaar (of doen dit individueel) om in die aand die Geloofsbelydenis van Nicea op 'n sinvolle wyse te bid.
- Onthou om tydens die Sondagmis die Geloofsbelydenis van Nicene hardop en hoorbaar te bid.
- Oorweeg die pastorale voorstel vir hierdie Sondag (2 Februarie 2025) as julle Parogie Aktiwiteit.

# Kategese Maand van die Jubeljaar Oorpeinsing

# Sondag, 09de Februarie 2025

## Tema: Gedoop en Gestuur!

**Skriflesings:**
Jes 6:1-2, 3-8 *Hier is ek, stuur my!*
1 Kor 15: 1-11 *Dit is wat ons verkondig, en daarvolgens het julle tot geloof gekom*.
Luk 5: 1-11 *Hulle het alles gelos en Hom gevolg*.

**Aanhaling uit die lewe:** *"Ons word daartoe geroep om elke dag ons doop as nuwe skepsels, beklee met Christus, uit te leef." (Pous Franciskus)*

**Woord van God**
Vanuit Simon se boot onderrig Jesus die skare, die boot is 'n simbool van die Kerk. Ná 'n vrugtelose poging om vis te vang met hulle eie menslikheid en swakheid, word die eerste groepie dissipels geleer hoe om vis te vang. Dit is ook simbolies en versinnebeeld hulle wat deur Petrus se eie bekering en prediking deur die doop na die Kerk gebring is. Net so ervaar Jesaja die visioen van heiligheid en raak hy diep bewus van sy eie sondigheid. So ervaar hy die goddelike reiniging wat nodig is vir sy bediening as profeet. Paulus bevestig op so 'n mooi wyse die band tussen prediking en geloof.
Hoe lyk jou geloof in hierdie Jubeljaar? As gedooptes word ons ook toevertrou met die taak om die Evangelie te verkondig. Net soos Jesaja, is Petrus en Paulus deur die Doop gekies, gereinig, en versterk om getuies te word van geloof, hoop en liefde.

**Lering van die Kerk**
Om gehoorsaam aan die opdrag van die Here te wees, is nie 'n opsie vir die Kerk nie: in die woorde van die Tweede Vatikaanse Konsilie; "dit is haar 'essensiële taak' (*Ad Gentes* 7), want die Kerk is 'van nature sendinggerig' (Ibid 2). 'Om die waarheid te sê is om te evangeliseer die genadegawe en roeping wat eie aan die Kerk is, haar diepste identiteit; die Kerk se bestaansreg is om te evangeliseer.'" (*Evangelii Gaudium* 8) Verder het die Konsilie gesê, "as die Kerk getrou wil bly aan haarself en die gekruisigde en opgestane Jesus, die barmhartige Verlosser, aan almal verkondig, sal die Kerk, aangevuur deur die Heilige Gees, dieselfde pad as Christus moet loop: 'n pad van armoede en gehoorsaamheid, van diensbaarheid en self-opoffering.' (*Ad Gentes* 5) Op hierdie manier sal die Kerk op doeltreffende wyse die Here verkondig, 'as model van 'n verloste mensdom, besiel deur naasteliefde, opregtheid en 'n vreedsame gees, iets waarna almal verlang.'" (Ibid 8) (cf. Pous Franciskus se brief vir Sending Sondag, 2017).

## Christelike Antwoord

- Oorpeins die bostaande Skriflesings; luister met jou hart.
- Oorpeins die gedeeltes oor dit wat die Kerk ons leer. Maak dit sin?
- Kom as gesin bymekaar (of doen dit individueel) om in die aand die Geloofsbelydenis van Nicea op 'n sinvolle wyse te bid.
- Onthou om tydens die Sondagmis die Geloofsbelydenis van Nicene hardop en hoorbaar te bid.
- Oorweeg die pastorale voorstel vir hierdie Sondag (09 Februarie 2025) as julle parogie aktiwiteit.

# Kategese Maand van die Jubeljaar Oorpeinsing

## Sondag, 16de Februarie 2025

**Tema: "Wees doeners van die woord, en nie slegs hoorders nie." (Jakobus 1:22)**

### Skriflesings:

Jer 17: 5-8 *Vervloek is die man wat op mense vertrou; geseënd is die man wat op die HERE vertrou.*
1 Kor 15: 12, 16-20 *As Christus nie opgewek is nie, is ons verkondiging sinloos.*
Luk 6: 17, 20-26 *Gelukkig is julle wat arm is, maar wee julle wat ryk is.*

**Aanhaling uit die lewe:** "*Jesus het sy volgelinge drie dinge belowe: dat hulle absoluut vreesloos, baie gelukkig en die heeltyd in die moeilikheid sal wees.*" (G.K. Chesterton)

### Woord van God

Jeremia lei die saligsprekinge in; "vervloek is die man wat op (homself) mense vertrou, hy sal wees soos 'n dorre struik wat nie opmerk wanneer die goeie kom nie, hy sal tuis wees op dor plekke. Geseënd is die man wat op die HERE vertrou." Jesus hou voor ons 'n stel van vier saligsprekinge en vier 'wee's', wat stroomop gaan teen die wysheid van die wêreld in. Oor die saligsprekinge sê Jesus; "geluk/geseëndheid/saligheid woon in die eenvoud van hart, waar 'n mens geheel en al op God vertrou en van Hom afhanklik is. Daarenteen uiter Jesus die: "wee" aan hulle wat vol is van hulleself en selftevrede voel en blind is vir die behoeftes van ander mense, en selfs vir God nie raaksien nie. Wil jy waarlik gelukkig wees, vreesloos oor die geloof getuig, selfs al is jy altyd in die moeilikheid by die wêreld? Die Christelike geloof is 'n teken wat alles weerspreek wat prysenswaardig in die oë van die wêreld is.

### Lering van die Kerk

"Die Kerk het nog altyd kategese as een van haar hooftake beskou, want, voordat Christus ná sy opstanding opgevaar het na sy Vader, het Hy een finale opdrag aan sy apostels gegee – om dissipels van alle nasies te maak en hulle te leer om dit wat Hy geleer het te onderhou…. En Hy het aan hulle die Gees gegee om dié sendingtaak te vervul. Baie gou is die naam kategese gegee aan al die pogings wat die Kerk aanwend om dissipels te maak, om mense by te staan om tot geloof te kom in die feit dat Jesus die Seun van God is, sodat hulle lewe in sy Naam mag hê, en om hulle in hierdie lewe te leer en op te voed om die Liggaam van Christus op te bou. Die Kerk het nog nooit opgehou om haar energie aan dié taak van evangelisasie te wy nie". (Catechesi Tradendae 1)
"Die doelwit van kategese is om 'n persoon in te lig, te vorm en te omvorm!"

### Christelike Antwoord

- Oorpeins die bostaande Skriflesings; luister met jou hart.
- Oorpeins die gedeeltes oor dit wat die Kerk ons leer. Maak dit sin?
- Oorpeins in hierdie week die Kategese bediening en dink 'n bietjie na of jy dalk daarby betrokke kan raak.
- Onthou om tydens die Sondagmis die Geloofsbelydenis van Nicene hardop en hoorbaar te bid.
- Oorweeg die pastorale voorstel vir hierdie Sondag (16 Februarie 2025) as julle parogie aktiwiteit.